

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Januarie/Februarie 2010

God is met ons op pad in

2010

Lees binne...

- Seker en onseker – 1
- God is met ons op pad – 2
- Nuwe besinning oor die huwelik – 3
- Midstream Familiekerk – 4
- Beroepe aanvaar – 4 en 5
- WARC: Die pad vorentoe – 6
- 2012: Leef ons in die eindtye? – 7

In hierdie uitgawe

- BI 1 Seker en onseker (Prof Theuns Dreyer)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**
God is met ons op pad
Leserskompetisie 7
- BI 3 Nuwe besinning oor die huwelik (Ds Jan Kramer)
Bybelvasvra 2010 (Ds Stephen de Beer)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Midstream Familiekerk – jongste gemeente in die Kerk (Ds Andorette Greyling)
'n Gebou om op trots te wees (Paul Bester)
Selfoonbybel beskikbaar
Voornemende teologiestudente
Beroepe aanvaar
- BI 6 **Wat kerknuus betref**
WARC: Die pad vorentoe (Dr Daan van Wyk jr)
Wanhoop en hoop van klein gemeentes (Prof Bieks Beukes)
- BI 7 **Gespreksforum**
Drie lesersbriewe en 'n regstelling
Leef ons in die eindtye? (Dr Gerhard Lindeque)
- Agterblad **Oordenking**
Moet julle nie bekommer nie (Ds Kotie McDonald)

God is met ons op pad

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig oor God se teenwoordigheid in ons lewens.

Ons is nie alleen nie. God is met ons op pad. Reeds te midde van hierdie aardse lewe, maar ook tot in ewigheid. Daar sal altyd rampe, siektes, oorloë, hartseer en ander ellendes in hierdie lewe wees. Dit is deel van hierdie lewe. God vat nie sy kinders weg uit sulke situasies nie. Maar God voorsien en versorg ons te midde daarvan. En tog is hierdie lewe nie al wat ons het nie. God is ook met ons op pad na 'n nuwe toekoms, 'n nuwe hemel en aarde. Ons bely dit as die ewige lewe.

Hierdie boodskap word vir ons pragtig in die Ou Testament geïllustreer aan die hand van die uittoegverhaal. Ons lees in Eksodus 13: 18: *Daarom het God die volk met 'n ompad laat gaan, met die woestynpad in die rigting van die Rietsee.* God se pad vir ons is nie noodwendig die kortste en logiese pad nie. God se pad is nie altyd die maklikste pad nie, soms gaan dit deur 'n woestyn. Maar God se pad is in die regte rigting, dit lei deur die Rietsee. Daar waar ons leer om Hom te vertrou as die almagtige, genadige en liefdevolle God wat saam met ons op ons lewenspad is.

Daarom kan ons ook hierdie nuwe jaar met geloof en hoop tegemoetgaan. Ons hoef nie bang te wees vir die toekoms nie. Maar ons moet ook nie oeroptimisties wees oor hierdie lewe nie. God is met ons op pad. Mag ons as Kerk en elkeen van ons in ons persoonlike lewens, dit in hierdie jaar beleef.

WARC: Die pad vorentoe

Dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), het die volgende berig geskryf:

Tydens die November-vergadering van die Kommissie van die AKV is besin oor die Kerk se lidmaatskap van die World Alliance of Reformed Churches (WARC) en oor hoe die pad vorentoe in dié verband lyk.

Na afloop van die besoek van WARC aan die Kerk in Maart 2009, moes opnuut besin word oor hoe ons die pad vorentoe saam met WARC gaan loop. Die gesprek met WARC het byna in 'n doodloopstraat beland. WARC se verteenwoordigers het duidelik laat blyk dat hulle steeds gebind is aan die besluite van WARC in 1982, en dat die Hervormde Kerk se lidmaatskap nie oorweeg kan word nie alvorens die Kerk 'n teologiese uitspraak maak wat apartheid as sonde verwerp. Daartoe was die vorige AKV nie bereid nie. Hierdie uitkoms kon beteken dat die gesprek op 'n dooie punt kon eindig. Die Kommissie het egter besluit om weë te soek om met die saak van lidmaatskap van WARC voort te gaan, ook omdat die AKV so besluit het.

Die Raad vir Ekumene het opnuut 'n memorandum ingedien waarin die hele saak van lidmaatskap van WARC histories en teologies onder oë geneem is. Die Raad het ook 'n bepaalde bewoording voorgelê van 'n voorstel wat voor die AKV sou kon dien en, indien dit aanvaar sou word, aan die vereistes wat WARC gestel het, sal voldoen. Dr Daan van Wyk het 'n memorandum voorgelê waarin daarop gewys word dat daar steeds baie persepsies in die Kerk bestaan oor WARC, hul betrokkenheid by die bevrydingstryd in die verlede, en bedenkinge oor hul huidige agenda. Daar sal waarskynlik meer moeite gedoen moet word sodat die Kerk behoorlik ingelig word oor wie en wat WARC is en wil wees, voordat die Kerk werklik volle vertroue in die aansoek gaan hê.

Die Kommissie het verder besluit dat prof Theuns Dreyer namens die Kommissie en ds Etienne Fourie namens die Raad vir Ekumene die Kerk by die eenwordingsvergadering van WARC en die Reformed Ecumenical Council (REC) in Junie in die VSA gaan verteenwoordig. Hulle kan die vergadering as waarnemers bywoon en aan die Kerk volledig terugvoer gee voor die komende AKV in September.

Intussen reël prof Dreyer in opdrag van die Kommissie van die AKV 'n opedag by die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) om die saak in diepte te debatteer.

Leef ons in die eindtye?

Dr Gerhard Lindeque se resensie oor die film *2012* gee perspektief op mense se vrees vir die einde van die wêreld. Hy skryf onder meer die volgende:

Die film bied nie 'n teologiese perspektief op iets soos die eindtyd nie, maar dit prikkel mense se belangstelling en bring die vraag opnuut na vore: Leef ons dalk in die eindtyd? Daarom is dit miskien goed om weer 'n paar bekende Bybelse perspektiewe hierop te gee.

Die eerste is die film se gebruik van die Noag-in-die-ark-motief. Lees ons die slot van die Noag-verhaal (Genesis 9), beklemtoon dit die gedagte dat God die versekering gee dat Hy nie meer kwaad is vir die mens nie. Ons hoef dus nie in vrees te lewe vir 'n wraaksugtige God nie. God is 'n God van genade en liefde. Ons het God juis so in Jesus Christus ook leer ken. Ons dien God nie omdat ons in vrees lewe vir die een of ander verskriklike einde nie. Ons glo in God op grond van sy genade en die versoening wat Jesus Christus tussen ons en God gebring het.

Die tweede aspek wat dikwels in die Bybel beklemtoon word, is dat God mag het oor die natuur. Ons is nie uitgelewer aan natuurkragte en die stand van sterre en planete nie. Luister hoe treffend stel Psalm 46 dit: *God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid.* God se mag oor die natuur word verder in die Bybel gedemonstreer deur byvoorbeeld Jesus wat op die water loop en die storm stilmaak.

Verder word ons in die Bybel reeds opgeroep tot waaksaamheid. Dit is snaaks hoe paniekerig mense kan raak as hierdie boodskap deur films en tydskrifte verkondig word, terwyl die boodskap al vir eeue deur die Bybelskrywers oorgelewer is en tog deur mense geïgnoreer word. Lees gerus tekste soos Lukas 21: 25-36 en die parallelle gedeeltes in die ander Evangelies. Daar is in elke geslag nog aardbewings, oorloë, natuurrampe, siektes en peste. Dit dien as waarskuwings vir elke geslag.

Ten slotte word ons as gelowige kinders van God getroos deur die wete dat hierdie lewe en hierdie aarde nie al is wat ons het nie. Die hele boek Openbaring is daarop gemik om die kerk te bemoedig in tye van swaarkry en vervolging. Dit gee vir ons hoop vir die toekoms. Daar is iets beter as hierdie aarde. Ons hoef die einde van hierdie lewe nie te vrees nie. Daar hoef by ons nie paniek te wees oor die toekoms nie, want ons weet Jesus het die oorwinning behaal, en deur Hom is ons mede-oorwinnaars.

Gaan kyk gerus die film 2012. Doen dit vanuit 'n vermaaklikheidsoogpunt, veral as jy hou van visuele effekte. Die film kan dalk vir jou die deur oopmaak om met iemand oor God te praat. Maar moenie dat dit jou ontstel nie. As ons dus die vraag vra of ons in die eindtye leef, kan ons op grond van die Bybel se boodskap ondubbelsinnig JA antwoord. Maar daarmee saam ook dat ons as kinders van die Here niks het om te vrees nie.

LESERSKOMPETISIE 7

Die wenner van Leserskategorie nr 5 (November 2009) is Ansie Fourie van Glencoe. U wen Johan Smit se boek *Saam met Petrus op pad*.

Die wenner van Leserskategorie nr 6 (Desember 2009) is AE Pretorius van Louis Trichardt. U wen HG van der Westhuizen se boek *Kennis vir môre*.

Leserskategorie nr 7

Vraag:

Watter deel van *Die Hervormer* lees u die graagste? A: Briewe/Gespreksforum. B: Hoofartikel (redaksioneel). C: Op die kerkwerf.

SMS die antwoord voor 28 Februarie 2010 na **071 229 8903**.

Die prys is *Perspektief op die Heilige Gees* van Stephan Joubert.